

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

5 SAAKNUMMER:

A. 146/2007

DATUM:

11 APRIL 2008

In die saak tussen:

ABRAHAM ABRAHAMS

Appellant

10 en

DIE STAAT

Respondent

UITSpraak

15

THRING, R:

Die appellant het in die Streekhof op drie aanklagte
tereggestaan. Aanklag 1 was die verkragting van sy eie
20 biologiese dogter toe sy tussen tien en 12 jaar oud was. Haar
naam is Amarushia Abrahams. Aanklag 2 was verkragting van
die appellant se stiefdogter toe sy tussen tien en 17 jaar oud
was. Haar naam is Chandice Abrahams. Aanklag 3 was 'n
oortreding van artikel 17(a) van die Wet op Gesinsgeweld,

/fm

/.....

No.166 van 1998 deurdat die appellant na bewering die bepalings van 'n gesinsgeweldinterdik oortree het deurdat hy sy gemelde stiefdogter, Chandice, agtervolg het en gedreig het om haar dood te maak. Op aldre van hierdie aanklagte het die appellant onskuldig gepleit. By sy verhoor is hy deur 'n prokureur verteenwoordig.

Aan die einde van die verhoor het die streeklanddros hom soos volg skuldig bevind: op aanklag 1 is hy aan onsedelike aanranding skuldig bevind en gevonniss tot vier jaar gevangenisstraf ten opsigte daarvan. Op aanklagte 2 en 3 is hy skuldig bevind, soos aangekla. Op aanklag 2, die aanklag van verkragting van Chandice, is hy tot tien jaar gevangenisstraf gevonniss, en op aanklag 3, die verbreking van die gesinsgeweldinterdik, is hy tot drie maande gevangenisstraf gevonniss. Die landdros egter gelas dat die vonnisse op aanklagte 1 en 3 samelopend met dié op aanklag 2 deur die appellant uitgedien moet word. Effektiewelik is die appellant dus tot gevangenisstraf vir tien jaar gevonniss

20

Op 22 Augustus 2006 het die appellant by die landdros aansoek gedoen om verlof om teen sy skuldigbevindings en vonnisse te appelleer, en sodanige verlof is toegestaan.

In die aansoek om verlof om te appelleer is die gronde van die
voorgenome appèl op 'n uiters kriptiese wyse uiteengesit,
naamlik soos volg:

5 "Ad skuldigbevinding

1. Dat die agbare Hof het fouteer deur te bevind
 dat die staat hul saak bo redelike twyfel
 bewys het.
2. Die agbare Hof het fouteer deur nie die
10 klaagsters se getuienis met die nodige
 versigtigheid te benader nie.
3. Die agbare Hof het fouteer deur te bevind dat
 die klaagsters geloofwaardige getuiens was.
4. Die agbare Hof het fouteer deur te bevind dat
15 applikant 'n ongeloofwaardige getuie was.

Ad Vonnis

1. Die agbare landdros het die persoonlike
 omstandighede van die applikant
20 onderbeklemtoon."

20

Hierdie manier om gronde van appèl voor 'n hof te plaas, is
onvoldoende en onaanvaarbaar. Dit is byna niksseggend.
Heelwat meer besonderhede as dit word vereis. Die Hof van
appèl, die landdros en die staat moet deur middel van die
25 gronde van die voorgenome appèl in 'n posisie geplaas word

/im

/.....

om te weet wat presies die spesifieke gronde is waarop die appèl gebaseer gaan word. Vae algemene stellings is nie aanvaarbaar nie. (Sien artikel 309B(3)(a) van die Strafproseswet, No.51 van 1977 en S v MCKENZIE, 2003(2) SA 616 (K) op 618j-619b.) Na heelwat huiwering het ons egter besluit om die appellant se advokaat toe te laat om die appèl desnieteenstaande voort te sit en om dit nie van die rol te skrap nie.

10 Die vernaamste getuies vir die staat was die twee jong dogters, wat die klaagsters was. Die appellant se biologiese dogter, Amarusia (aanklag 1), was 14 jaar oud toe sy voor die landdros getuig het. Haar halfsuster, die appellant se stiefdogter, Chandice (aanklagte 2 en 3), was destyds 18 jaar
15 oud. In sy uitspraak het die landdros hulle getuienis met die nodige versigtigheid as kinders en enkelgetuies benader. Hulle albei het hom as intelligente en bevredigende getuies beïndruk. Hulle getuienis lees op die rekord oortuigend en daar is niks op rekord wat 'n mens die landdros se indrukke in
20 twyfel laat trek nie. Hy het hulle getuienis as die waarheid aanvaar. Die enigste kritiek wat moontlik teen die klaagsters, as getuies, ingebring kan word is dat hulle eers in Junie 2001 oor die appellant se langdurige voorafgaande optrede met hulle gekla het. Hulle het hulle versuim egter verduidelik
25 deur te sê dat hulle vir die appellant bang was. Die landdros

het hierdie verduideliking aanvaar. Ek kan geen fout daarmee vind nie. Chandice het trouens getuig dat die appellant haar herhaaldelik met die dood gedreig het indien sy enigiets aan enigiemand oor sy seksuele optrede met haar sou vertel.

- 5 Amarushia het getuig dat sy stilgebly het omdat sy te bang, te skaam en te hartseer was om met enigiemand daaroor te praat.

- Die landdros het die appellant se ontkenning dat hy op enige stadium enige onsedelike daad met enigeen van die twee dogters sou gepleeg het as bo redelike twyfel vals en leuenagtig verwerp. Ek kan geen fout met die landdros se geloofwaardigheidsbevindings vind nie. Na my oordeel is die skuldigbevinding van die appellant op aanklagte 1 en 3
- 15 volkome korrek en in orde.

- Op aanklag 2, egter, waarop die appellant aan die verkragting van Chandice skuldig bevind is, het die landdros, na my oordeel, misgetas. Chandice het op geen stadium in haar
- 20 getuienis duidelik gesê dat die appellant haar ooit werklik geopenetreer het nie. Op die beste vir die staat beskou, is haar getuienis in hierdie opsig dubbelsinnig en kom dit eintlik, myns insiens, daarop neer dat die appellant nie verder gegaan
- 25 hoofgetuienis het sy die volgende gesê: het as om te probeer om haar te verkrag nie. In haar

“En toe kom hy in die kamer in en toe my neergesit
op die bed en hy het my skool skirt opgelig en my
panty afgetrek en vir hom uitgetrek en toe is dit wat
hy mos nou bo-op my gelê het en my ...
(tussenbeide)

En wat het hy gedoen? --- Hy het probeer om
sy penis in my vagina in te forseer.

Ja? --- En toe het hy op en af bewegings
gedoen.”

Aan die einde van haar getuienis in antwoord op vrae van die
landdros, verskyn ook die volgende passasie in die rekord:

“Nou toe op daardie stadium toe hy die op en
af bewegings maak, waar was sy privaatdeel
gewees? --- Teenaan myne.

Sê weer? --- Teenaan myne.

Teenaan of binne-in? --- Dit was half binne-in
my.

Want ek het die indruk gekry na aanleiding
van die vrae deur die prokureur dat hy het, jy weet,
seks is – die prokureur het jou gevra – seks is
wanneer die man mos sy privaatdeel binne-in die
vrou se privaatdeel, dit is mos wat algemeen

/fm

/....

aanvaar word. Verstaan u dit, dit is die enigste omskrywing. Mej Van Wyk het jou gevra daaromtrent en jy het gesê hy het dit probeer insit, maar jy het hom weggestoot. Dit was te seer, toe haal hy dit uit en toe lê hy nog bo-op jou en toe maak hy op en af bewegings? --- Ja.

Wat presies het daar gebeur? --- Hy het probeer om mos nou sy penis te forseer in my en toe het ek vir hom weggestoot. Toe sit hy dit weer in. Toe het hy dit nie weer probeer in te forseer nie en daai is wat hy toe die op en af bewegings doen.

Nou wanneer daarna het dit vir die eerste keer plaasgevind waar hy sy manlike deel ten volle in jou gesit het of het dit ooit gebeur waar hy sy manlike deel ten volle in jou geplaas het? --- Nee, nie eintlik nie, want hy het meeste dan forseer hy maar dan kry ek nie kans om vir hom weg te stoot nie want ek kry seer en ek het net gehuil.

Dit is nou vir my (onduidelik). Kyk, die manlike deel word – kyk net gou hier – die manlike deel word mos nou in die vagina ingesit. Verstaan u dit, dan word dit mos nou geopenetreer en dan is dit soos jy nou sê die man maak mos nou die op en af bewegings, nè? --- Ja.

Sê nou vir my hy het dit nooit werklik in jou vagina gedruk nie en dan die op en af bewegings gemaak nie of het hy slegs net met u geopenetreer tot voorlans en dan uitgehaai of dan net so op en af bewegings gemaak? --- Ja.

Wat het gebeur? --- Hy kon nooit sy penis heeltemal by my ingesit het nie.

Goed, ek wil nie hê daar moet onduidelikhede wees nie, verstaan, want ek wil nie hê jy moet weer terugkom nie, ek gaan dit nou op rekord plaas, is dit jou getuienis dat hy het nooit sy privaatdeel ten volle in jou vagina geplaas nie? --- Ja.

Het hy of het hy nie? --- Hy het dit in – hy het dit nie.”

Soos ek reeds gesê het, van hierdie getuienis kan daar, na my oordeel, nie 'n redelike twyfel bevind word dat die appellant op enige stadium daarin geslaag het om die klaagster Chandice te penetreer nie. Die mediese getuienis is wel tot die effek dat Chandice se maagdevlies nie meer intak was nie. Toe sy medies ondersoek is, was sy egter reeds 16 jaar oud en dit volg natuurlik nie noodwendig dat haar maagdevlies deur enige optrede van die appellant verwyder of beskadig is nie.

Die punt dat die staat nie daarin geslaag het om 'n redelike
twyfel te bewys dat Chandice deur die appellant gepenetreer is
nie, is nie op appèl pertinent geneem nie. Dit is glad nie in die
aansoek om verlof om te appelleer of in die gronde tot daardie
aansoek genoem nie. Dit is ook nie in die appellant se
advokaat se hoofde van argument genoem nie.

Hierdie Hof het nietemin inherente hersieningsmagte ingevolge
artikel 304(4) van die Strafproseswet, No.51 van 1977. Ons is
10 van voornemens om daardie magte in hierdie aangeleentheid
uit te oefen en om die skuldigbevinding op aanklag 2 na
poging tot verkragting te verander wat wel, na my oordeel, 'n
redelike twyfel op die getuienis bewys is. Dit sal moontlik 'n
effek op vonnis hê.

15

Wat vonnis op aanklagte 1 en 3 betref, is die vonnisse wat die
landdros opgelê het, myns insiens, heeltemal vanpas. Hy het
geensins misgetas nie en ek kan geen fout daarmee vind nie.
Verswarende faktore is die volgende: die klaagsters was albei
20 jong kinders van omtrent tien jaar oud toe die appellant met sy
mishandeling van hulle begin het. Hy het met sy optrede oor
'n tydperk van jare volhard. Hy het sy vertrouensposisie as
hul pa en stiefpa, onderskeidelik, misbruik. In heelwat gevalle
is die klaagsters in hulle eie huis deur die appellant misbruik,
25 waar hulle behoort veilig te kon gevoel het, en die appellant

het op gewetenlose wyse sy spore probeer toevee deur Chandice met die dood te dreig indien sy enigiemand oor sy dade sou vertel het.

5 Versagte omstandighede is die feit dat die dogters nie ernstige fisiese leed opgedoen het nie en die appellant se byna skoon rekord.

Op aanklag 2 staan dit hierdie Hof natuurlik nou vry om enige
10 vonnis op te lê wat die Hof mag goeddink. Ek dink dat die vonnis op hierdie aanklag minder as tien jaar gevangenisstraf behoort te wees. Die gevolg daarvan is natuurlik om die kumulatiewe effek van die vonnisse te verminder.

15 Gevolglik word die appèl teen die appellant se skuldigbevindings en vonnisse op aanklagte 1 en 3 van die hand gewys. Op hersiening word die appellant se skuldigbevinding en vonnis op aanklag 2 egter ter syde gestel en met die volgende skuldigbevinding en vonnis vervang:

20

"Aanklag 2: SKULDIG aan poging tot verkragting.

Vonnis: SEWE (7) JAAR GEVANGENISSTRAF."

Daar word gelas dat drie jaar van die vonnis op aanklag 1
25 gelyktydig met die vonnis op aanklag 2 uitgedien moet word.

/im

/.....

